

Publication: Beeld,Daily (Sport)
Publication Date: 10 Oct 2018
Page: 15

AVE: 25521.76
Circulation: 35934
Part: 1 of 1

# Karla was Kovsies se geheime wapen

Annchen Nel

Die Kovsies se netbalspan het 'n geheime wapen in hul arsenaal in die opbou tot Maandag se Varsitybeker-oorwinning oor Tuks gehad.

Burta de Kock, hul afrigter, het gister onthul die Protea-onderkaptein, Karla Pretorius, het verlede week al die Kovsie-span se oefeninge bygewoon en insette gelewer.

Dié Protea-hulpdoelverdediger het ook die motiveringspraatjie gelewer.

Die Bloemfonteinse studente het die Pretorianers in 'n stampvol Callie Human-sentrum op hul kampus met 63-59 geklop.

Pretorius het vier jaar lank vir die Kovsies gespeel en was in 2014 die kaptein toe hulle hul vorige titel gewen het.

"Sy was skitterend. Sy het die span só baie gelig," sê De Kock oor Pretorius.

"Sy het vertel dat haar Aussie-span (Sunshine Coast Lightning) in sy eindstryd met agt doele agter was en steeds die Superliga-titel gewen het," sê De Kock.

Die afrigter erken die stryd teen Tuks was grootliks "tussen die ore", omdat die Pretorianers hulle in Julie twee keer in die Ussa-toernooi geklop het.

"Karla het dus veral goed gedoen om Ané (Retief, hoofdoelverdediger) se kop vir haar tweestryd met Ine-Mari Venter (Tuks se doel) reg te kry."

Tuks het Venter, Venetia Grobler, Jeanette Vermeulen en Chantelle Swart as doelskieters ingespan.

De Kock sê hulle het hard aan die verdedigende kombinasie van Retief en Khomotso Mamburu (hulpdoelverdediger) gewerk.

Pretorius se suster, Tanya von Berg, speel gewoonlik op hulpdoelverdediger, maar De Kock sê Retief en Mamburu moes hul kombinasie slyp.

Von Berg het meer vir haar span op senter beteken, sê De Kock.

Von Berg is einde verlede maand getroud en het eers Sondag van haar wittebrood teruggekeer. Daar was dus tye wat sy nie saam met haar span kon voorberei nie.

Dit was Alicia Puren, die kaptein, Maryke Coetzee en Mamburu se laaste wedstryd vir hul studentespan.

De Kock sê Von Berg (24) is 'n honneurstudent en sal volgende jaar nog beskikbaar wees.

"Sy het nog baie om vir Kovsies te bied."

Die Bloemfonteiners se derde titel maak De Kock die suksesvolste afrigter in die geskiedenis van Varsity-netbal.

Hul vorige titels in 2013 en 2014 was ook onder haar leiding.

Khanyisa Chawane, die onderkaptein, is as die Speler van die Toernooi aangewys. Sy en Mamburu is in die Protea-groep vir die Fast5-Wêreldtoernooi, wat einde vandeesmaand in Melbourne beslis word.

■ Marlize de Bruin, senter van Tuks, is die spelers se Speler van die Toernooi.




**Ané Retief van die Kovsies (hier in 'n vorige wedstryd) was Maandagaand rotsvas teen die Tuks-doelskieters in die Varsitybeker-eindstryd in Bloemfontein.** Foto: VARSITY SPORTS

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.